# die Wapad

Jaargang XV DINSDAG, 22 MAART 1960 Nr. 2

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.



**IN HIERDIE UITGAWE...**

★ MANS KRY NUWE KOSHUIS
★ NUSAS SE PRESIDENT OOR APARTE UNIVERSITEITE
★ ALAINE NAUDÉ SE KONSERT
★ UNIEFEES — PUKKIE
★ A.S.B.-KONGRES
★ DIGGERS MURRAYFIELD PUK
★ ATLETE SE PUIK PRESTASIES


# SKOUSPELAGTIGE UNIEFEES IN POTCHEFSTROOM

**'N SKOUSPELAGTIGE Uniefeesviering sal van 7 tot 9 April in Potchefstroom plaasvind. Optogte, 'n fakkelloop, tablo's, 'n saamtrek van volkspelers en 'n skilderagtige vuurwerkvertoning van vlotte op die dam sal die hoogtepunte van die fees wees waarvoor die Stadsraad £1,000 bewillig het.**

Die vlaglopers van Fochville af sal op die aand van 7 April buite die dorp deur plaaslike vlaglopers ingewag en na die Olëngronde begelei word. Die vlae sal dan aan die burgemeester, mnr. H. H. Holtzhausen, L.P.R., oorhandig word. Na 'n kort toespraak deur mnr. Holtzhausen sal 'n groot vreugdevuur aangesteek word.

Die reuse skare wat by die geleentheid verwag word, sal verder op 'n program van tablo's, musiek en volkspele vergas word.

### MILITÊRE OPMARS

Vier optogte waaraan gesamentlik tussen 7,000 en 8,000 skoolkinders sal deelneem, sal die Vrydagoggend gelyktydig uit die vier windstreke deur die dorp na die Parkovaal beweeg. Die gedagte is dat die vier hoërskole, Gimnasium, Volkskool, Hoër Tegnies en Boys' High, met kadetorkeste die spiespunte sal vorm van die skooloptogte waarvan die opmars so beplan sal word dat dit kleurryk op die Parkovaal saamv'oei, waar die skolefees die oggend afgehandel sal word.

Die militêre sal sorg vir 'n skouspelagtige opmars waaraan gemeganiseerde en gemotoriseerde Burgermageenhede, pantservoertuie, infanterie en kadette sal deelneem.

### KARNAVALAAND

Die Saterdagaand sal dit karnavalaand wees. Die inwoners van die dorp sal genooi word om met kosmandjies en al by die dam saam te trek waar in 'n gemoedelike stemming vleis gebraai en musiek gemaak sal word. Daar sal allerlei spele wees en 'n vuurwerkvertoning van vlotte op die dam.

Die Stadsraad het onderneem om die dorp met die oog op die fees te verfraai. By die stadsaal sal oor Kerkstraat 'n ereboog opgerig word, terwyl die stadsaal self feestelik met skynwerpers belig sal word.

### GRADEPLEGTIGHEID

Die feestemming van die dorp sal die naweek verder verhoog word deur die ingebruikneming van die nuwe gebou van die Musiekkonserwatorium van die Universiteit die Vrydagaand en die gradeplegtigheid Saterdagoggend, by watter geleentheid 'n ere-doktorsgraad aan min. Jan de Klerk toegeken sal word.

Al die kerke sal versoek word om die vyftigjarige bestaan van die Unie daardie Sondagoggend by die eredienste te gedenk.

# KONSERWATORIUM BYNA VOLTOOI

**"DIE KONSERWATORIUM van die P.U. vir C.H.O. is ........van die modernste, indien nie die modernste nie, in die Unie", het prof. M. C. Roode, hoof van die konserwatorium in 'n onderhoud verklaar.**

Die gebou is pas opgerig teen 'n koste van sowat £75,000 en nader vinnig voltooiïng. Dit bevat agttien oefenkamers, dertien ateljees, drie lesingskamers, 'n diskoteek en 'n saal. Die hele gebou is klankdig, aangesien die mure akoesties behandel is en alle klank absorbeer.

Daar is ook dertien klaviere en vier orrels. Die personeeltal staan op die oomblik op sestien.

**Die diskoteek het onder andere ook tien oorfoonstelle met draaitafels, waar indiwiduele studente ongehinderd hulle partiture en plate kan bestudeer.**

### BESONDERS

Iets besonders in die saal is die speeltafel van die orrel wat uit die vloer oprys met behulp van 'n elektriese hyser, en as dit nie in gebruik is nie, weer terugsak. Die verhoog word dan daaroor geskuif en sodoende vergroot.

Die saal is klein—dit kan maar aan 375 mense sitplek verskaf—maar is baie gerieflik en gebou met die oog op interne konserte.

**Unieke kunsversierings is aan die mure van die saal aangebring. Ellie Holm, die kunstenares, is genader om nog 'n versiering te ontwerp vir die bodem van die visvywer, wat aan die voet van die wenteltrap ingebou is.**

Die hoeksteenlegging van die Konserwatorium wat op die Oude Molenterrein geleë is, word op 8 April deur dr. F. J. du Toit, kanselier van die Universiteit, waargeneem.

Wêreldberoemde musiekkunstenaars tree van 3 tot 7 Mei op in 'n musiekfees wat sal plaasvind as deel van die amptelike ingebruikneming en herdenking van die tienjarige bestaan van die konserwatorium.

## MANS KRY NUWE KOSHUIS

*Die Raad van die Universiteit het op sy jongste vergadering verlede week besluit om so gou moontlik te begin met die bou van 'n nuwe manskoshuis wat hopelik woonplek aan sowat 150 studente sal bied.*

*Die gedagte is dat die nuwe koshuis, moontlik 'n drieverdiepinggebou, langs Dawie du Plessishuis gebou sal word.*

*Vleuel word binnekort afgebreek, maar gelukkig is die bestaan van Ons Huis, Heimat en Uitspan — vir 'n paar jaar in elk geval — nog verseker.*

# Meer as 70 na A.S.B. se Kongres te Heidelberg



*MNR. L. A. S. VAN WYK*

Vyf persone is afgevaardig om die P.U. op die kongres van die A.S.B. in Heidelberg te verteenwoordig. Hulle is: mnre. L. A. S. van Wyk (leier), F. R. P. de Bruyn, A. G. C. Yssel, J. S. du Plooy en J. H. van Zyl.

Mnr. H. J. D. van der Walt, onderpresident van die A.S.B., sal die S.R. verteenwoordig op die sitting van die beleidsraad.

Mnr. F. J. du Toit Lessing, drektuur van studie en navorsing, sal ook teenwoordig wees.

Mnre. P. R. P. Potgieter, Idyll van der Walt, J. M. Els en D. A. S. Herbst sal die kongres as waarnemers bywoon. Laasgenoemde sal ook optree as persverteenwoordiger.

Ongeveer 70 Pukke sal voorts aan die kunsfees en die fakulteitskonferensies deelneem.

# S.A. BINNE AFRIKA

DIE TWAALFDE jaarlikse kongres van die A.S.B. word op Maandagaand 28 Maart amptelik geopen deur mnr. E. H. Louw, Minister van Buitelandse Sake. Hy sal praat oor Suid-Afrika binne die breëre Afrikaverband.

Die tema van die kongres is Suid-Afrika binne Afrika, en die verskillende afgevaardigdes sal elkeen op 'n bepaalde dag 'n onderwerp in hierdie verband namens sy Universiteit behandel.

Die P.U.-afgevaardigde, mnr. J. H. van Zyl, sal praat oor Suid-Afrika se rol ten opsigte van die ekonomiese ontwikkeling in Afrika.

### OOR REPUBLIEK


Mnr. H. J. D. van der Walt, onder-president van die Bond en voorsitter van die Studenteraad, het in opdrag van die Hoofbestuur van die A.S.B. 'n referaat oor die Republiek uitgewerk.

Die referaat, wat 55 getikte folio's beslaan, word deur gesaghebbendes beskou as 'n uitstaande stuk werk en is beslis die mees gesaghebbende verwerking in hierdie verband waaroor die A.S.B. op die oomblik beskik.

Na mnr. Van der Walt DIE WAPAD meedeel, sal die referaat egter nie in besonderhede op die kongres behandel word nie. Die referaat mag egter in kamera meer volledig bespreek word. Na afloop van die Referendum sal dit na alle waarskynlikheid volledig bespreek word.

Op Donderdag die 31ste Maart praat Prof. Potgieter, van die Universiteit van Suid-Afrika oor Suid-Afrika binne die Wêreldverband.

Die Kongres word op Saterdag 2 April afgesluit. Die nuwe Hoofbestuur word dan verkies.



**Die gebou van die Musiekkonserwatorium aan die P.U. vir C.H.O. wat teen 'n koste van £75,000 opgerig is. Die hoeksteenlegging van die gebou vind op 8 April plaas en die amptelike ingebruikname met 'n musiekfees in Mei.**

# *A.B.K.K. se Kunsfees*

**Die verskuiwing van die kunsfees van die A.B.K.K. na die eerste kwartaal het 'n groter aantal inskrywings en groter belangstelling vir die A.S.B. se kunsfees meegebring. Amateurtalent is deurgaans aan die dag gelê. Hoewel 'n fotografiese uitstalling en blommerangskikkings vanjaar plaasgevind het, was daar geen uitstalling van beeldende kunste nie.**

## HOOGTEPUNT VAN FEES

'n Lofwaardige uitvoering deur die Suid-Afrikaanse pianis, Alaine Naudé, het die A.B.K.K. se kunsfees op Saterdag, 19 Maart in die Totiusgekenksaal afgesluit.

Alaine Naudé het 'n sterk aanvoeling vir die moderne musiekidioom. Met besondere musikale begrip en sensitiewe aanvoeling het hy die Prokofieffkomposisies meesterlik vertolk. Die singende cantabile en kristalhelder toonproduksie in die **Verhale van die Ouma** (Prokofieff) was voortreflik.

Alaine Naudé het die grootste deel van sy opleiding in Frankryk ontvang onder beroemde musici soos Nadia Boulanger en Dinu Lipatti. Sy spel is kenmerkend van die Franse pianiste—aristokraties en nugter met 'n fyn balans tussen rede en emosie.

### TEGNIESE VAARDIGHEID

Hierdie eienskappe veroorsaak dat sy vertolkings soms koel en oorbeheersd voorkom, byvoorbeeld in die Beethoven Sonata en die Schubert Impromptu. 'n Meer romantiese vertolking sou hier meer geslaagd gewees het.

Die resonansie van die klank in die eerste beweging van die Beethoven Sonata was baie opmerklik as gevolg van intensiewe pedaalgebruik.

Die uitvoering van die Chopinkomposisies getuig van sy vaardigheid, beheersdheid en suiwerheid van spel.



ALAINE NAUDÉ

In die afde'ing vir rangskikkings vir die ontbyttafel, het die beoordelares gedui op die gemis aan 'n organiese geheel tussen die rangskikking en die bykomstighede. Gerda Woudstra se vrolike rooi rangskikking het nogtans 'n eersteprys, en Glaudia Boshof se delikate geel rangskikking, 'n tweedeprys verower.

### LYNRANGSKIKKINGS

Die lynrangskikkings was minder geslaagd. Oor die algemeen was die belyning te stroef en die blomme te swaar vir die vase.

'n Interessante rangskikking van geel Afrikaners in 'n swart driepootpot het aan Louie Jooste die eersteprys besorg in die afdeling van rangskikkings vir die voorportaal.

In dieselfde afdeling het Olga Hoffman se rangskikking met Dahlias die tweedeprys verower.

### DIEPTEWERKING

**„Groter dieptewerking word vereis en daar moet gewaak word teen die opstapeling van blomme in 'n soliede vlak," het mev. Strydom oor die afdeling massarangskikkings verklaar.**

Te veel materiaal is gebruik in die rangskikkings wat met 'n minimum materiaal gedoen moes word, maar nogtans het Gerda Woudstra se aantreklike rangskikking op 'n groen turksvyblaar die eersteprys verower. Jeanne Venter se goedbelynde rangskikking is met 'n tweedeprys bekroon.

## Goeie Amateur Uitstalling

'n Fotografiese uitstalling het van 15 tot 18 Maart in die Kafeteria plaasgevind as deel van die kunsfeesprogram. Die inskrywings het getuig van goeie fotografie en 'n goeie amateurstandaard is gehandhaaf.

In die natuurtoneelafdeling het Andries Buys 'n eerste prys verower met sy kunstigsaamgestelde foto van 'n populierlaning. Die tegniese afronding van heirdie foto reik aan professionele standaard.

Die tweedeprys is toegeken aan 'n natuurtoneel ingestuur deur Barend Lessing. Kompositories kon laasgenoemde werk kragtiger saamgestel wees. D. Koekemoer se silhoeët van wilgerbome het 'n derdeprys verower.

### MINDER GESLAAGD

**Die mededinging in die portretstudie- en kleurfoto-afdeling was baie beperk en dieselfde hoogstaande fotografiese standaard as in die natuurtonele is nie hier bereik nie.**

Die kleurfoto's ingestuur deur Kosie Krüger lê baie inisiatief aan die dag. Die kleurfoto van die Chemielaboratorium wat die eersteprys verower het, beantwoord goed aan die vereistes vir kleurfotografie.

In die portretstudie-afdeling is die eersteprys toegeken aan Andries Buys se treffende foto van 'n jong seun. Die tegniese afwerking van hierdie foto is besonder vaardig vir 'n amateur.

Die beoordelaar was mnr. Curado van Alf's.

## LEER OM TE RANGSKIK

**'n Aantal damestudente van die Potchefstroomse Universiteit was verantwoordelik vir 'n aantreklike blommetentoonstelling in die Totiusgedenksaal op 18 Maart tydens die kunsfees.**

„Die enigste manier om werklik te leer rangskik, is om aan blommetentoonstellings deel te neem," het die beoordelares, mev. Strydom, bekende Potchefstroomse bloemiste, verklaar.

Die standaard van die rangskikkings was deurgaans nie baie hoog nie, maar 'n aantreklike verskeidenheid is aangebied.

*VIR DAARDIE HOL GEVOEL OP DIE MAAG . .*

*BAK ONS DIE*

***Heerlikste Vleispasteitjies***

**TURKSTRA BAKKERY**

**(EDMS.) BPK.**

**KERKSTRAAT 61**

## Verskeidenheidskonsert in Ligte Luim

**Goeie amateurtalent is deurgaans geopenbaar in 'n aantreklike verskeidenheidskonsert wat aangebied is deur die wenners van die A.B.K.K. se kunsfees, asook ander deelnemers.**

Die sprankelende trompetitems van André du Toit het herhaaldelike toegifte uitgelok en het die kroon op die geslaagdheid van die konsert gespan. André se musikaliteit, suiwer toonproduksie en tegniese vaardigheid maak hom volkome meester van sy instrument. Alabama het 'n groot vonds in hom ontdek!

### SWAK KEUSE

„Ruwe Erts," 'n eenbedryf deur H. A. Fagan, is 'n swak keuse vir 'n opvoering. Hierdie toneelstuk behoort tot die ouere tradisie van die Suid-Afrikaanse tonee'—aspekte wat destyds van belang was, soos byvoorbeeld die armeblankevraagstuk, is nie nou meer van aktuele belang nie. Die geaardheid van die toneelstuk is ook te regstreeks maraliserend. Dit is baie twyfelagtig of die keuse van hierdie eenbedryf van pas is vir die A.S.B. se kunsfees.

Die geaardheid van hierdie eenbedryf verleen hom nie tot oorspronklike toneelspel nie. Die spelers het egter hul rolle heel geslaagd vertolk.

Nicolaan Kramer het die rol van die puntenerige en snobistiese mev. Van der Walt met oortuiging vertolk. Hannie (Zuna Vosloo) en Gert (Dux van der Walt) het te beskaafd voorgekom vir „ruwe erts", maar origens was hul toneelspel goed. „Dominee (Etienne Stassen) het nie so goed aan die hoë eise van sy rol beantwoord nie.

Die ligte orkesnommers van die Alabama studente-orkes het gedien as aptytwekkers.

### MARIO LANZA

Puk se Mario Lanza, Nic Badenhorst, het weer geskitter met „I love thee dearly toooonight . . ." en „You are my heart's delight." a

Staatmakers soos Karien Potgieter, Nic Laubser, Gerrit Snyman en Lydia Human behoort goed te vaar op die A.S.B. se kunsfees.

Heinie de Wet en Wilkie Pretorius het 'n goeie vertolking van Lizst se Hongaarse Rapsodie gegee. Thorina Eloff het aantreklike sangsolo's gelewer, maar moet waak teen oormatige gebruik van rubato.

Koos van Wyk en sy drapop het afleiding aan die massa verskaf, maar die humor en dialoog was beslis onverstaanbaar en onvanpas.

# VERENIGING OM S.A. KUNS TE STIMULEER

**Die pas gestigte Nasionale Kunsvereniging van Suid-Afrika sal eersdaags 'n Wes-Trnsvaalse tak in Potchefstrom stig. Die vereniging poog om eg Suid-Afrikaanse kuns te stimuleer en internasionale samewerking op die gebied van kuns te bewerkstellig.**

Die Nasionale Kunsvereniging streef verder na hegter samewerking tussen die kunstenaar en die maatskappy. Suid-Afrikaanse kunstenaars sal internasionaal bekendgestel word en spesiale onderskeidingstekens sal aan verdienstelike Suid-Afrikaanse kunstenaars toegeken word.

Alle kunstenaars kom in aanmerking vir uitstallings en enige kunsvorm kan beoefen word. Benewens uitstallings van professionele kunstenaars, amateurs, studente en skoliere, sal vergaderings, konferensies en studiegroepe gereeld byeenkom.

Die Vereniging sal verantwoordelik wees vir die uitstalling van studente se kunswerke van alle opvoedkundige inrigtings deur die land tydens die Uniefees in Bloemfontein.

### KUNSPROBLEME

„Die Kunsvereniging beoog ook samewerking met belanghebbende liggame en persone wat sal bydra tot die oplossing van gemeenskaplike kunsprobleme," het mnr. F. W. Leuschner, stigter van die Wes-Transvaalse tak, in 'n onderhoud verklaar.

Alle belangstellende studente en ander persone is welkom om lede van die vereniging te word en kan met mnr. Leuschner, hoof van die kunsdepartement van die P.O.K., in verbinding tree. Opvoedkundige inrigtings, besighede en handelondernemings kan spesiale versoeke oor hul kunsbehoeftes aan hom rig.

## *KUNSFEES*

Studente van die Potchefstroomse Universiteit kan vanjaar tydens die jaarkongres van die A.S.B. te Heidelberg weer eens op die gebied van kuns meeding met studente van ander Universiteite.

Die kunsfees staan onder beskerming van die A.S.B. en vind van 28 Maart tot 2 April plaas.

Voorsiening word gemaak vir mededinging in elke kunssort: beeldende-kunste, fotografie en letterkunde. In laasgenoemde afdeling kan poësie, kortverhale en essays ingestuur word.

### VERSKEIDENHEID

Verdere afdelings waaraan studente kan deelneem, is drama-, voordrag- en redenaarskuns, asook volkspele en skaak.

Vir musiekliefhebbers is daar geleentheid in solo-items, kwartette en duette en intrumentale en boeremusiek.

Voornemende deelnemers word aangeraai om meer besonderhede te verkry van mnr. A. G. C. Yssel, Postmahuis, telefoon 0042.

● 'n Beroep word op elke Pukstudent gedoen om die kunsfees te ondersteun. Die geslaagdheid daarvan sal van u deelname afhang.

# MUSIEKINSTITUUT AAN P.U. GESTIG

**BAANBREKERWERK word tans gedoen deur die pas gestigte navorsingsinstituut vir Suid-Afrikaanse kunsmusiek aan die Potchefstroomse Universiteit. Die Raad van die Universiteit het Dr. J. J. A. van der Walt, lektor in musiek, as direkteur benoem.**

Die instituut beoog om 'n omvattende ondersoek na Suid-Afrikaanse kunsmusiek in te stel. Noue samewerking met die Instituut vir Volksmusiek (Universiteit Stellenbosch), die Uitsaaikorporasie, die Raad vir die Bevordering van Musiek en talle ander musiekverenigings, word in die vooruitsig gestel. Private versamelaars sal ook genader word.

### MUSIEKVERSAMELING

Vir navorsingsdoeleindes beoog die instituut die versameling van alle gepubliseerde en ongepubliseerde kunsmusiek van Suid-Afrikaanse komponiste, musiekkritiek oor Suid-Afrikaanse musiek en die werke van Suid-Afrikaanse musiekkritici. Die verkryging van plaat- en bandopnames van Suid-Afrikaanse kunsmusiek is ook 'n belangrike aspek van die navorsingswerk.

Navorsing sal ook gedoen word na die geskiedenis van Suid-Afrikaanse kunsmusiek. Die geskiedenis van familiemusiek asook musiek in verskillende dorpe en streke sal voorts nagespoor word. Suid-Afrikaanse kerkmusiek en musiekmetodiek sal ook aandag geniet.

Die navorsingmateriaal sal na afloop van die klassifikasie en bestudering gepubliseer word in die vorm van 'n versamelreeks oor Suid-Afrikaanse kunsmusiek asook etnomusiekwetenskaplike studies. Die uitvoering van Suid-Afrikaanse kunsmusiek sal ook aangemoedig word.

## Rekordaantal Graduandi

Ongeveer 320 grade sal vanjaar met die gradeplegtigheid van die Universiteit op 9 April toegeken word. Nie minder nie as sowat eenderde van die grade wat verwerf is, is tweede grade.

Daar sal sowat twaalf doktorsgrade toegeken word, maar enkele uitslae moet nog bekend gemaak word. In totaal sal daar 101 B.A.-grade uitgereik word.

Dit is bekend dat ongeveer eenderde van die studente wat tans aan die P.U. studeer, met nagraadse studie besig is.

# HUISVADER TREE AF NA DERTIEN JAAR

## VELE VERANDERINGS IN SY TYD

NA 'n dienstydperk van meer as dertien jaar tree prof. D. J. van Rooy, onder-rektor van die Universiteit aan die einde van Mei vanjaar af as huisvader van die Universiteitskoshuise.

Oorspronklik sou mnr. C. P. van der Walt reeds sedert begin April amptelik oorgeneem het as huisvader van die mansstudente, maar weens omstandighede het prof. Van Rooy ingewillig om nog twee **maande** langer aan te bly.

Die damestudente resorteer van hierdie jaar af nie meer onder die huisvader nie, maar wel onder die huismoeder.

### SAL ONTHOU WORD

Prof. Van Rooy se aandeel in die verkryging van 'n studentesaal en kafeteria, uitsluitlik vir die gerief van die studente, sal altyd onthou word. Dit was dan ook een van die eerste take wat hy homself opgelê het kort nadat hy in 1947 diens aanvaar het.

In sy eerste toespraak in sy hoedanigheid as huisvader, het hy in dié jaar aan die studente gestel dat daar tesame met die behoefte aan meer huisvesting vir manstudente bestaan. Kort daarna is dan ook 'n begin gemaak met die aanbou van die huidige Uitspan.

### MANS IN THABA JÄH

Dit is interessant om te weet dat die mans in daardie jare nog in Thaba Jäh gebly het en dat daar nog sulke koshuise soos Spelonke ('n blikgebou langs Heimat), Bodensteinhuis vir dames (huidige woning van die superintendent van terreine en geboue, mnr. Bosman) en Dealehuis (in Noordbrugweg) vir mans was.

**Al hierdie koshuise tesame met verskillende buitehuise het deur die jare regstreeks onder prof. Van Rooy se toesig gestaan, „Die uitbreiding gedurende die laaste aantal jare was egter so geweldig dat sentralisasie noodsaaklik geword het," vertel prof. Van Rooy. „Die idee is dan ook om die twee groepe so ver moontlik in komplekse bymekaar te hou, veral om die organisasie en administrasie daarvan te vergemaklik."**

### NUWE KOSHUIS

As die getalle vergelyk word, vind ons dat daar in 1947 93 dames en 173 mans in die koshuise ingewoon het teenoor die 340 en 288 respektiewelik vanjaar. En dan word daar nou nog gepraat van die nuwe koshuis vir mans oorkant die spoor wat vir omtrent 150 mans voorsiening sal maak.

Toe aan prof. Van Rooy gevra is wat hy beskou as die groot waarde daarvan om huisvader van die P.U.-koshuise te wees, het hy sonder aarseling geantwoord: „Die feit dat ek met jongmense in aanraking gebly het. Veral daar my vak, nie eintlik 'n ‚populêre' vak is nie, verloor 'n mens eintlik kontak met die meerderheid studente as sodanig. Hiervoor het die huisvaderskap ruimskots vergoed."


Hy het ook gewag gemaak van die uitstekende gees wat daar atlyd geheers het tussen die studente en die owerheid. „Ons het, moontlik vanweë die kleiner getal studente, beslis 'n unieke studentegees aan die P.U. vir C.H.O.," het hy gesê. „Ek was dan tot op datum nog nie een oomblik spyt dat ek die pos aanvaar het toe die Raad my destyds versoek het nie."

As voorsitter van die Raad se komitee vir terreine en geboue sal prof. Van Rooy eintlik nog altyd in noue voeling met die studente in die koshuise bly, veral wat toekomstige uitbreidings betref. Ons glo ook dat sy belangstelling in die studentelewe ook net so aktief sal bly.

* * *

### BESTE WENSE

**Waar prof. Van Rooy nou 'n verdiende ruskansie gegun word, wil die studente aan die P.U. vir C.H.O. hom die beste toewens en die hoop uitspreek dat hy en sy**



*PROF. DIRK VAN ROOY*

**eggenote, van wie ons weet hom altyd getrou in sy taak bygestaan het, nog lank gespaar mag bly in diens van hulle Kerk, die Universiteit en die maatskappy.**

● Prof. Van Rooy is reeds sedert 1924 voltyds dosent aan die Universiteit en en voor dié tyd reeds deeltyds verbonde daaraan toe hy nog onderwyser aan die Hoër Gimnasium was. Hy was ook 'n voortreflike voetbalspeler en later afrigter van Theos.

# Prof. Du Plessis Se Loopbaan

**As blyk van dankbaarheid vir alles wat die P.U. vir hom beteken het, het prof. D. J. du Plessis op die laaste personeelvergadering wat hy as personeellid bygewoon het 'n tjek van £300 aan die rektor, prof. J. Chr. Coetzee oorhandig.**

Prof. Du Plessis tree aan die einde van hierdie kwartaal af as hoof van die departement Chemie.

Op 21-jarige leeftyd is prof. Du Plessis in 1920 aangestel as dosent in Skeikunde en Fisika aan die destydse P.U.K. Hy het te Bonn in Skeikunde gepromoveer en kort na sy terugkeer in Suid-Afrika is hy aangestel as professor in Skeikunde.

Gedurende sy dienstydperk van veertig jaar aan die Potchefstroomse Universiteit het hy bekendheid geraak vir die deeglikheid waarmee hy sy werk verrig het, en is hy ook vandag bekend as een van die Suid-Afrikaners wat met die meeste gesag op die gebied van die Anorganiese Chemie kan praat. Hy is ook oorsee bekend.

Prof. Du Plessis is van voorneme om nie op sy louere te gaan rus nie maar op sy oudag sy kragte aan navorsing te wy. Hy wil ook 'n ensiklopedie vir Chemie saamstel.

## MEV. VAN DER MERWE LÊ TUIG NEER

*Mev. M. H. van der Merwe, huismoeder van die dames, tree aan die einde van die kwartaal om gesondheidsredes af nadat sy sewe jaar lank aan die Puk verbonde was.*

*Sy is in die Paarl gebore en het haar opleiding aan die Pretoriase Universiteit en die Bloemfonteinse Normaalkollege ontvang. Daarna het sy lank onderwys gegee voordat sy aan die Puk aangestel is as huismoeder.*

*Mev. van der Merwe het die Puk eintlik voor haar gesien opgrei. „Toe ek hier gekom het," het sy in 'n onderhoud vertel, „was die gronde nog onbewerk en net Piet Groblerhuis en De Klerkhuis het bestaan. Klawerhof is maar later eers aangebou. Destyds was daar ook net 135 dames teen vandag se 350."*

*Mev. van der Merwe het voorts gesê dat sy baie geluk hier was en spyt is dat sy nou moet weggaan.*

# KONTAK MET PRAKTYK

Die regsstudente aan die P.U. sal hierdie jaar probeer om nouer met die regspraktyk te skakel, het mnr. H. J. D. van der Walt, voorsitter van die Regsvereniging op 'n ledevergadering verklaar. Dit sal geskied deur die bywoning van belangrike hofsake.

Die jaarprogram maak voorsiening vir skynhowe met Pretoria en Bloemfontein asook 'n plaaslike skynhof.

Ander bedrywighede wat die vereniging in die vooruitsig stel, is 'n drieweeklikse seminaar wat deur senior regstudente gehou word en 'n regsdinee op 3 September waarheen min. Jan de Klerk uitgenooi sal word.

Die 37 regsstudente aan die P.U. is lede van hierdie vereniging en daar is besluit dat die regsdosente as erelede beskou sal word.

# Geleerde Besoek Potchefstroom

'n Buitelandse geleerde, dr. H. Turkstra, het die afgelope weke in Potchefstroom vertoef en by verskeie geleenthede voor gehore opgetree.

Dr. Turkstra is dosent in wiskunde aan die Vrije Universiteit in Amsterdam en hy het op 10 en 15 Maart in die hoofgebousaal lesings gelewer.

By geleentheid van die natuurwetenskaplike vereniging se eerste vergadering het hy ook enkele welwillendheidswoorde tot die gehoor gerig.

## WYSE WOORDE

Wat hy (om verstaanbare redes verswyg ons sy naam) van taktiek weet, het hy in 'n koekresepboek gelees . . . **Bok Fourie.**

En dan staan **Hans van Zyl** deesdae op sy kop by rugbyoefeninge— om die afrigters deurmekaar te maak.

# DIE MENS SE PERSOONLIKHEID

## INTERFAKULTÊRE LESINGS

**Die interfakultêre lesings wat op 12 April aan die P.U. vir C.H.O. gehou word, is enig van sy soort in Suid-Afrika en vergelyk baie goed met die Europese stelsel. 'n Ernstige beroep is op alle studente gedoen om die lesings by te woon, daar alle klasse vir die betrokke dag gekanselleer is.**

„Met hierdie lesings word bo die peil van die gewone klasgee gestyg en die student kry die geleentheid om na besprekings op 'n hoë akademiese en wetenskaplike vlak te luister en self daaraan deel te neem," het prof. W. N. Coetzee, voorsitter van die Senaat se Interfakultêre Lesingskomitee, in 'n onderhoud aan Die Wapad gesê.

### EENHEID

Die doel van die lesings is om 'n meer wetenskaplike eenheid in die Universiteit te weeg te bring, om verbrokkeling teen te werk en die verskillende vakwetenskaplikes nader aan mekaar te bring. Vanjaar is die tweede keer wat hierdie lesings gehou word en die sentrale tema is, in aansluiting met verlede jaar se tema oor die mensbeskouing, die persoonlikheid van die mens.

**Prof. Coetzee deel mee dat die lesings wat verlede jaar gelewer is, in Koers gepubliseer is en dat dit saam met vanjaar se lesings bestudeer moet word. Volgende jaar bereik die besondere reeks lesings oor die mens 'n einde met die sentrale tema, Die mens se bestemming.**

### VIER SPREKERS

Die Senaat van die P.U. vir C.H.O. het die Interfakultêre Lesingskomitee spesiaal benoem om die lesings te reël en dosente, studente en die algemene publiek is almal welkom by die verrigtinge. Prof. B. C. Schutte en prof. P. H. Stoker is die ander twee lede van die Studenteraad, mnr. H. J. D. van der Walt, en die onder-voorsitter, mnr. L. A. S. van Wyk, ook gekoöpteer is.

Die lesings word vanjaar weer soos verlede jaar in die Totiusgedenksaal gelewer en die verrigtinge begin om 8.15 vm. Die volgende wetenskaplikes tree op, in die volgorde genoem:

● **Dr. D. J. W. Strümpfer:** Die invloed van die kinderjare op die ontwikkeling van die persoonlikheid.

● **Dr. F. J. du Plessis:** Agtergrond, persoonlikheid en denke in die Ekonomie.

● **Prof. D. W. Krüger:** Leierskap in die volkslewe.

● **Prof. G. Dekker:** Die digterspersoonlikheid in die jongste Afrikaanse digkuns.

Die eerste drie lesings word aldrie in die oggend gelewer en die laaste in die aand.

# BEURS VIR RASSESTUDIE

Die departement rassestudie van die A.S.B.-hoofbestuur, onder leiding van die die direkteur van rasse-aangeleenthede, mnr. Daan van der Merwe, beoog die daarstelling van 'n beursfonds vir rassestudie. 'n Fonds van £5,000 word in die vooruitsig gestel.

Omsendbriewe is aan alle Studenterade, wat by die A.S.B. geaffilieër is, gestuur waarin mnr. Van der Merwe die saak as volg stel:

„U is wel deeglik bewus van die besondere rasse-situasie in Suid-Afrika. Die situasie is dan van sodanige aard dat dit haas die onmoontlike aan die Afrikaner en dan ook aan die Afrikanerstudent stel.

### GRONDIGE STUDIE

„Ons rassepatroon en die oplossing wat ons beoog, verg nie alleen al ons aandag nie, maar vereis ook dat ons intensiewe studie daaraan sal wy. Maar verder is die toestand dan ook sodanig dat daar geen fondse beskikbaar is vir die spesifieke studie in rasseaangeleenthede nie.

„Hierdie behoefte word gevoel deur, nie net die studente nie, maar ook deur vooraanstaande lede verbonde aan die verskeie organisasies wat hulle besig hou met die rassetoestand in ons land."

### OPROEP

Hierdie oproep om finansiële bydraes aan die Studenterade is opgevolg deur briewe aan Volksraadslede, Senatore en ander vooraanstaande persone. Indien daarin geslaag word om die £5,000 in te samel, sal die geld belê word en die rente daarop sal aangewend word as beurse vir persone wat in hierdie rigting verder wil studeer.

★ Die Studenteraad kon, aangesien die begroting vir hierdie jaar reeds afgehandel is, nie op die oomblik 'n bydrae tot die fonds lewer nie.

Mnr. Hennie van der Walt, S.R.-voorsitter, deel Die Wapad mee dat indien moontlik, die Studenteraad aan die einde van die jaar 'n sodanige bydrae tot die fonds sal aanbeveel om die beursfonds te steun.

### MATIES SE JOOL

Die moontlikheid dat daar op Stellenbosch ooit weer 'n jool gehou sal word, is op die oomblik uiters skraal, nadat die Universiteitsowerheid verlede jaar besluit het om die jool af te skaf.

Die standpunt van die owerheid is blykbaar dat te veel tyd en energie verspil word met die reël van 'n jaarlikse jool. Die jool is nie meer 'n spontane poging van die studentegemeenskap as geheel nie, maar die reëlings kom op slegs 'n paar persone neer. Daarby was die jool nog nooit 'n reuse finansiële sukses nie, wat nie die moeite, daaraan verbonde loon nie.




*„Aitsa!"*

*As die DAMES so sê moet jy weet die Jongeheer koop sy klere by:*

**J. TOD SUTTIE**

**Kerkstraat 177 — Telefoon 1**
**POTCHEFSTROOM**



DIENS!
OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .

SUID-APTEEK
BOTHASTRAAT 80

PROTEA-APTEEK
KERKSTRAAT 86


MOENIE.....



MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

CORNER FRUIT STORE
„U KEN ONS!"

Uit die mond van die suigeling . . . . !



Dameth en Heerge
Die Bult Apteek
IS TOT U DIENS
Vlak onder u Neus
Tomstraat 86 Tel. 3091

NOORDBRUG KONTANTWINKEL
(Eienaar: A. G. Botha)
Vir
LEKKERS, SIGARETTE en TOILETWARE
KRUIDENIERSWARE, SKRYFBEHOEFTES.
•
Langs Noordbrug-Poskantoor

*REDAKSIONEEL*

# BESINNING OOR S.A.

DIE TWAALFDE jaarkongres van die Afrikaanse Studentebond vind vanjaar tydens die Paasvakansie in die kollegedorp van die noorde, Heidelberg, plaas.

Die sentrale tema van die kongres is Suid-Afrika binne Afrika.

Gesien die toenemende wêreldaandag wat op Suid-Afrika — met sy eiesoortige vraagstukke en beleid ten opsigte van rasseverskille — gevestig word, kon 'n meer aktuele tema waarop ons studenteleiers moet besin, moeilik gekies wees.

Afrika staan in die nuwe dekade aan die vooraand van groot en belangrike gebeurtenisse. Ontwakende nasionalisme bereik 'n hoogtepunt. Verskeie Afrika-state sal vanjaar nog hulle onafhanklikheid verkry, terwyl verskeie ander nader aan die verwesenliking van die vryheidsideaal sal vorder.

Julius Nyerere, Bantoeleier van Tanganjika, het onlangs nog verklaar dat die hele Afrika binne die volgende tien jaar vry sal word.

Suid-Afrika staan aan die vooraand van groot Uniefeesvieringe. Die wording van die Republiek van Suid-Afrika is geen skim van die verbeelding meer nie.

Die Universiteitsamestelling van ons land staan midde in die grootste proefneming van die Universiteitsgeskiedenis van die wêreld: afsonderlike universiteite vir verskillende rassegroepe.

Sedert 1951 het die A.S.B. op elke kongres die Regering versoek om afsonderlike universiteitsgeriewe vir die verskillende rasse van ons land in die lewe te roep.

In 1959 is die aanvoorwerk vir hierdie versoek in die Parlement gedoen. Met die opening van die Universiteitskollege vir Kleurlinge in Wes-Kaapland, Turfloop se kollege vir Bantoestudente in die noorde en Zoeloeland se kollege in die suide, is 'n langgekoesterde ideaal van die A.S.B. verwesenlik.

Die instelling van afsonderlike universiteitsgeriewe vir die verskillende rassegroepe van ons land is nie alleen 'n uitvoering van die beginsel van afsonderlike ontwikkeling as geheel nie. Enersyds is dit in belang van die nie-blanke rassegroepe en andersyds is dit ook daarop bereken om die voortbestaan van die blanke beskawing — naas die van ander rassegroepe — in en om Suid-Afrika te verseker.

Mnr. Awie Willemse, redakteur van Die Perdeby, verklaar in die jongste aflewering van die blad: ,,Nou staan ons as Afrikaanssprekende Universiteite skielik ook in 'n posisie waar ons suiwer nie-blanke inrigtings sal moet aanvaar as kollegas. Die besluit van die regering dat die Bantoekolleges voorlopig nie affiliasie by Nusas of die A.S.B. kan soek nie, moet verwelkom word.

,,'n Lang vestigingsperiode sal vir die nie-blanke student in Suid-Afrika wag voordat hy homself bekwaam mag ag om te besluit watter rigting hy wil inslaan. Die dag van keuse sal egter aanbreek en vir die A.S.B. en sy geaffilieerde inrigtings lê die plig voor die hand om te sorg vir geriewe wat die nie-blanke studente op breër universiteitsvlak sal kan opneem op die grondslag van ,,Suid-Afrika eerste!''

Meer as ooit tevore is besinning en erns oor die Afrikaner se plek in Suid-Afrika en Afrika dwingend noodsaaklik.

Naas behoefte aan politieke eenheid, ekonomiese vooruitgang en ewewigtigheid in die volkslewe het Suid-Afrika, Afrika en die wêreld behoefte aan Christenstaatmanne wat bou op beginsels wat hoog en heilig geag word.

Daarom is die onontwykbare taak van die leiers van ons studentelewe om sterk te staan in die menigvuldige vraagstukke van ons land en taai en trots in daardie dinge wat vir ons waardevol is. Maar altyd te onthou: die weë van die mens is nie die weë van God nie.

die wapad

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**

**REDAKSIE EN ADMINISTRASIE:**

HOOFREDAKTEUR ... *Dirk Herbst* (X041)
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR ... *Schalk Hoogenboezem* (X042)
NUUSREDAKTEUR ... *Stoffel Cilliers* (X042)
REDAKTEUR TUSSENUNIVERSITêRE EN BUITELANDSE SAKE ... *Dewald Roode* (1566)
KUNSREDAKTRISE ... *Enid Rautenbach* (1385)
SPORTREDAKTEUR ... *Isak Lessing* (425)
VARIAREDAKSIE ... *Piet Bingle en Annemarie Schutte*
NUUSVERSLAGGEWERS: ... *Gert Scholtz, André Arnoldi en Elsa Pelser*
SPORTVERSLAGGEWERS: *Nic Swart en Marieke v. d. Merwe*
FOTOGRAAF ... *Johan van der Merwe* (19)
SIRKULASIEBESTUURDER ... *Herman Oosthuizen* (X041)
PENNINGMEESTER ... *Ernie van der Merwe*
ADVERTENSIEBESTUURDER ... *Ben Bierman* (1188)
SPOTPRENTTEKENAAR ... *Ben van der Walt*
TEGNIESE ADVISEUR ... *Gouws Oberholzer*

## In U Lig

**LUK. 9 : 33. ,,En toe hulle van Hom weggaan, sê Petrus vir Jesus: Meester, dit is goed dat ons hier is; laat ons dan drie hutte maak, een vir U en vir Moses een en een vir Elia — hy het nie geweet wat hy sê nie."**

Die omwandeling van Jesus Christus op aarde haas ten einde, wanneer Hy met drie van Sy dissipels die eensaamheid van die bergkruin opsoek. Byna drie jaar lank reeds beweeg Hy onder die Israeliete in die openbaar. Sy optrede in lering en vermaning, in genesing en opwekking uit die dode is sodanig dat die massa Hom as 'n profeet huldig, selfs poog om Hom tot koning te verhef, maar die Fariseërs, wat deur Hom as wit gepleisterde grafte bestempel is, soek om Hom dood te maak.

### KLEINGELOWIGES

Onder hierdie omstandighede gaan Jesus met Sy dissipels noordwaarts na die landstreek van Caesarea-Filippi om vir laas Sy kleingelowige dissipels in te lei in die geheime van Gods Koninkryk, van Sy lyde waar hulle nog so bitter min van begryp.

En nou is Petrus, Jakobus en Johannes die drie bevoorregtes om saam met Jesus die berg van verheerliking te bestyg. Net soos later in die tuin van Getsémané raak hulle aan die slaap, terwyl Jesus in gebed verkeer. As hulle dan meteens wakker skrik, is dit om hul Meester met hemelse heerlikheid omstraal te sien in gesprek met Moses en Elia.

„Maar, hy het nie geweet wat hy sê nie." Uit hierdie begeerte om drie hutte te bou spreek 'n onheilige selfsugtigheid aan die kant van Petrus. Hy wil vir hom en die twee ander hierdie hemelse heerlikheid so lank as moontlik bewaar. Vergete is die ander nege dissipels aan die voet van die berg en die res van die mensegeslag wat gebuk gaan onder die sondelas van Satan.

Maar Petrus staan nie net in die pad van die verlossing van soveel ander nie, vir Christus self is hy 'n struikelblok. Want Christus moet voortgaan op Sy Lydensweg na die suide, na Jerusalem, waar helse smarte, verlatenheid van die mense en van God op Hom wag.

**Wat 'n versoeking plaas Petrus op die weg van die Here? Waarlik, die omvang van sy begeerte het Petrus nooit kon deursien nie —hy het nie geweet wat hy sê nie.**

Daarom word die drie manne voor die oë van die dissipels met 'n wolk oordek, en word Christus op Sy Lydenspad versterk deur die stem wat sê: „Dit is My geliefde Seun; luister na hom."

### ONS TAAK

Dit pas ons as Christengelowiges wat aan 'n inrigting vir Christelike Hoër Onderwys studeer om die heerlike skat wat ons ontvang het nie selfsugtig vir onsself te hou nie, maar om daartoe by te dra dat die Lig van die Evangelie van Verlossing ook vir hulle wat in duisternis wandel, deurbreek.

**Hiervoor is nie alleen maar net nodig dat ons Christus nie in die pad staan nie, maar dat ons positief daartoe meewerk in ons Christelike lewenshouding en beoefening van die wetenskap, dat al die uitverkorenes deel mag hê aan Christus en aan al Sy weldade.**

Christus het gekom en Hy het die Lydensbeker tot die droesem geledig. Laat ons dan waak daarvoor dat ons nie die weg van saligheid wat so gebaan is, versper in selfsugtige soeke van ons eie belang nie.

„Of ons dan eet of drink of enigiets doen, laat ons alles doen tot verheerliking van God."

F. J. DU T. LESSING.

# NUSAS SE PRESIDENT OOR APARTE UNIVERSITEITE

**IN 'N SPESIALE ARTIKEL OOR SUID-AFRIKA IN DIE JANUARIE-UITGAWE VAN DIE INTERNASIONALE STUDENTEBLAD, "THE STUDENT", SPREEK MNR. JOHN SHINGLER, PRESIDENT VAN NUSAS HOM UIT OOR DIE REGERING SE BELEID VAN APARTE UNIVERSITêRE OPLEIDING VIR BLANKES EN NIE-BLANKES.**

Mnr. Shingler wys daarop dat die Regering wetgewing aangeneem het dat die Universiteitskollege van Fort Hare vanaf die begin van 1960 nie meer 'n Universiteit in die ware sin van die woord sal wees nie, maar deur die Staat bestuur sal word.

Een van Suid-Afrika se mees vooraanstaande politieke korrespondente het hierop soos volg kommentaar gelewer:

,,The report of the farewell ceremony at Fort Hare was one of the saddest things I have ever read. Here was a college on the verge of full University status. Now, deliberately, maliciously and cold-bloodedly, the Nationalists have killed it."

### PIONIER UNIVERSITEIT

Vanaf Januarie 1960 word nie-blankes volgens mnr. Shingler gedwing om een van die drie aparte Universiteitskolleges vir die verskillende etniese groepe by te woon in plaas van die keuse te hê om een van die twee ,,ope" Universiteite te besoek.

Hierdie kolleges is slegs instrumente in die hande van die Regering, terwyl Fort Hare die trotse reputasie besit het van die pionier op die gebied van Universitêre Opleiding in Suid-Afrika te wees.

Hier is van die beste leiers in die land opgelei, en nou, na veertig jaar as 'n sentrum van vooruitgang en vryheid, word dit oornag 'n instrument in die hande van die Regering se beleid van dominering en diskriminasie.

### NUWE REKTOR

Die nuwe rektor van Fort Hare, Prof. J. J. Ross, is by sy aankoms aan die Universiteit begroet deur ontstoke studente wat baniere gedra het met opskrifte soos ,,We don't want Fascists here," "Leave Fort Hare alone — away with indoctrination".

Hierdie waarskuwing van die studente aan die rektor bewys vir mnr. Shingler dat die vryheidsgees onder die studente wat smag na akademiese vryheid, nie so maklik doodgedruk kan word soos die Regering gedink het nie.

Sedert wyle Dr. D. F. Malan in 1948 die beginsel van Universitêre apartheid geopper het, het NUSAS homself dit ten doel gestel om dit te beveg en landswye demonstrasies is gehou.

Dit, tesame met die druk uitgevoer deur die Internasionale Universiteitsgemeenskappe teen sodanige wetgewing, het wetgewing in hierdie verband vir meer as elf jaar vertraag.

*Noudat die wetgewing deurgevoer is, het NUSAS se taak geensins opgehou nie, inteendeel, dit het nou eintlik eers begin. Meer as ooit tevore word die samewerking van Studentegemeenskappe deur die hele wêreld vereis om NUSAS te steun in sy taak.*

*Die moeilikheid by Fort Hare het nou eers begin.*

### STATUS VAN KOLLEGES

Mnr. Shingler beny die nuwe Rektore van die drie Universiteitskolleges glad nie hulle taak nie. Hulle sal nie aan die hoof staan van opvoedkundige inrigtings nie, maar sal slegs superintendente wees van ,,brain-washing camps".

Indien hierdie inrigtings sal ontwikkel tot volwaardige opvoedkundige sentra, sal die Regering se beleid as korrek bewys word, nl. dat die Bantoes hulleself met die aanvanklike hulp van die blankes tot 'n eie peil kan opwerk wat nie in die minste by die van die blanke bevolking sal afsteek nie.

Mnr. Shingler kan nie sien hoe so iets ooit tot stand kan kom nie.

*Vir hom is akademiese vryheid slegs moontlik indien weggedoen word met apartheid.*

Volgens NUSAS is 'n Universiteit 'n inrigting ,,where men and women without regard to race and colour are welcome to join in the acquisition and advancement of knowledge".

★ Is dit dan 'n skading van hierdie vryheid indien aparte Universiteite daargestel word waar hierdie kennis verkry kan word, 'n skading van akademiese vryheid?

# BOIKOT VAN S.A. WARE

*Oos-Afrikaanse studente en die studente-organisasie NUS (National Union of Students of England, Wales and Northern Ireland) het besluit om Suid-Afrikaanse produkte te boikot omdat hulle nie saamstem met die Regering se beleid van apartheid en in besonder die deurdringing van apartheid na die Universiteite nie.*

Y. Kyesimira, redakteur van die Students' Guild Wall Paper, verklaar in 'n artikel in The Student waarom die Oos-Afrikaanse studente te Makerere besluit het om die boikot deur te voer.

### VERBEUR KONTAK

Die Regering se houding ten opsigte van Universiteitsopleiding het direk betrekking op hulle omdat hulle glo dat hoër onderrig oop moet wees vir alle rasse, persone van enige geloof, ens.

Hierdie beginsel het die Suid-Afrikaanse Regering verwerp, met die gevolg dat persone wat Universiteite in Suid-Afrika bywoon daardie deel van hulle opvoeding en vorming gaan verbeur wat verkry word deur kontak met persone van ander rasse, geloof, ens.

**,,This disadvantage will be shared equally by Whites and non-Whites; but the form of legislation in South Africa has always taken the form of discrimination against the non-Whites."**

Bostaande besware het die studente van Makerere daartoe gedwing om die voorgestelde boikot deur te voer, hoewel daar baie probleme te oorbrug was.

### ONTBYTKOSSE

Die produkte waarop besluit is om aan 'n boikot te onderwerp, was slegs ontbytgraanvoedsel, oftewel ,,cornflakes". Die besluit is verder uitgebrei dat alle graanvoedsels—nie net die Suid-Afrikaanse nie—geboikot moet word.

**Aangesien die Universiteitskoshuise 'n groot voorraad van die graanvoedsel gehad het wat reeds gekoop was, is hierdie voorraad op dramatiese wyse verbrand. Aan studente is opdrag gegee om te sorg dat hulle geen Suid-Afrikaanse produk in die winkels koop nie.**

### DEMONSTRASIE

Die Studenteorganisasie, NUS, het verskeie publieke demonstrasies in Londen gehou met baniere soos ,,No University Apartheid" en het besluit om Suid-Afrikaanse goedere wat in Brittanje of Europa vervaardig word, te boikot. Daardeur kan die Afrikaanse Bantoewerkers nie geskaad word nie. Hierdie stap sien die Organisasie as 'n positiewe bewys van die studente se sielsoortuiging.

# Bedrywige Jaar Vir Korps

**Vier ledevergaderings word in die loop van die jaar deur Korps Veritas Vincet in die vooruitsig gestel.**

Ds. Dirk van der Walt lewer op 13 April 'n toespraak oor die Calvinis se plek in die Staandemag. Gedurende Mei word 'n simposium met die A.S.B. beoog en een van die hoogtepunte van die jaar se werksaamhede word bereik wanneer die rektor, prof. dr. J. Chris Coetzee, later in die jaar sal optree met 'n lesing oor **Tug, vryheid en straf in die opvoeding.**

### JEUG

Die publikasiekomitee beoog om 'n boek uit gee oor die jeug en sy probleme, nl. **Dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid.** Dit sal ruim 210 bladsye omslaan en sal teen 10/- te koop aangebied word.

Die studiekomitee bied 'n interressante studie aan oor **Kerk en Staat,** wat as volg behandel word: Histories; Die Rol van die drie Afrikaanse kerke in die staat; Die Calvinistiese staatsideaal en Die toekoms—ontplooiende verwikkelinge en riglyne.

Die skakelkomitee, wat skakel met alle Calvinistiese Verenigings van die Unie en oorsee, beoog 'n konferensie tussen die verskillende Calvinistiese verenigings in Potchefstroom.

# SUID-AFRIKANERS MOET NAVORS

**IN SUID-AFRIKA moet ons ons toelê op navorsing in die gebiede waar ons iets kan bereik en nie probeer om met Rusland mee te ding nie," het mnr. J. F. de Beer, lektor in Fisika voor die natuurwetenskaplike vereniging se eerste vergadering gesê.**

Mnr. De Beer het onlang teruggekeer van Moskou, waar hy navorsing oor kosmiese strale gedoen het.

Hy het aan die gehoor 'n aantal kleurskyfies getoon wat hy tydens sy besoek agter die Ystergordyn geneem het. Onder die interessantste skyfies wat vertoon is, was dié oor die Moskouse Universiteit.

### GROOTSTE IN WêRELD

Hierdie Universiteit, het mnr. De Beer verklaar, is die grootste in die wêreld en daar is tans sowat 20,000 uitgesoekte studente uit alle dele van die wêreld wat aan die Universiteit studeer. Die Universiteitsgebou, wat meer as 38 verdiepings hoog is, is een van die indrukwekkendste geboue in Moskou en sewe hysers word in die gebou gebruik.

Mnr. De Beer het vertel dat kapitaal in groot maat aangewend word vir navorsingsdoeleindes. Hy weet van een natuurwetenskaplike eksperiment waarin £200,000 belê is.

**Hy het voorts gesê dat die oorgrote meerderheid mense met wie hy hulle in Rusland in aanraking gekom het, daarop uit was om die Christendom aan te val. Daar is deur een persoon gesê dat die Christendom net so min 'n bedreiging vir die Kommunisme is as 'n vlieg vir 'n olifant.**

### VEILIGHEID BEDREIG

'n Aantal mense met wie hy in aanraking gekom het, was ook besonder aggressief toe hulle verneem het dat mnr. De Beer uit Suid-Afrika kom. Dit het egter ook voorgeval dat van die studente met wie politiek gepraat is, nie verder wou praat nie en op 'n stadium heeltemal dig geword het. Op navraag het dit geblyk dat hulle 'n ander groepie mense wat 'n entjie daarvandaan was, nie vertrou het nie en so hul veiligheid bedreig gevoel het.

**'n Ander interessante mededeling wat gemaak is, is dat daar in Rusland geen advertensies van algemene handelsware is nie net omdat daar nie mededinging is nie. Alle groot winkels wat lewensmiddels voorsien, is staatsondernemings. Alleen die teaters en bioskope se vertonings word geadverteer.**

Die Russe is baie sportmal en 'n groot ophef word van sportaangeleenthede gemaak.

'n Laaste interessante feit wat mnr. De Beer die gehoor meegedeel het, is dat die motief van die standbeeldwerk in Moskou altyd maar weer die verheerliking van die arbeid is.

# OOR REPUBLIEK

**Mnr. Pieter de Bruyn, van die S.A.U.K., tree Woensdagaand in 'n programvergadering van die A.S.B. op met 'n verrassingsonderwerp oor die Republiek.**

Dit is die eerste vergadering van die jaar, deel mnr. L. A. S. van Wyk, voorsitter van die A.S.B., mee.

Woensdagaand vind ook die afskeid van prof. D. J. van Rooy by die Oude Molen plaas en almal word hartlik uitgenooi om die A.S.B.-vergadering daarna in die Studentesaal by te woon, selfs al is dit in braaivleisgewaad!

● Die bestuur van die plaaslike tak van die A.S.B. wens ook alle Pukke welslae toe wat sal optree by die A.S.B.-kongres, die fakulteitskonferensies en die kunsfees. Hou die Puk se naam hoog!

# HOË PEIL DEUR REDENAARS

,,Ons is verras met die peil van die sprekers wat opgetree het," het dr. S. J. du Plessis, een van die beoordelaars, gesê na afloop van die redenaarskompetisie wat Dinsdagaand in die Studentesaal gehou is.

Die wenner van die kompetisie, waaraan nege sprekers deelgeneem het, was mnr. Louis Botha met mnr. Prinsloo Potgieter tweede, terwyl mnr. Hennie van der Walt in die derde plek geplaas is.

Eersgenoemde twee sprekers sal die Puk verteenwoordig op die A.S.B.-kunsfees te Heidelberg.

Die kompetisie is deur die debatsvereniging aangebied as deel van die A.B.K.K. se kunsfees en het terselfdertyd gedien as uitdunning om die sprekers vir die A.S.B. se kunsfees te kies.

### EEN ONDERWERP

Die sprekers wat deelgeneem het aan die debat was mnre. Louis Botha, Prinsloo Potgieter, Hennie van der Walt, Jan Boneschans, Paul Kruger, Faan Denkema, Wynand van der Merwe, Piet Bingle en Louis Coetzee.

In sy kommentaar na die kompetisie het dr. Du Plessis, wat saam met prop. Erasmus Smit as beoordelaar opgetree het, aan die hand gedoen dat in die toekoms al die sprekers liewer oor net een onderwerp moet praat. Ook die onvoorbereide toesprakies, wat op die voorbereides volg, behoort in dieselfde luim te wees.

Ten spyte van swak opkoms aan die kant van die gehoor, was die debat tog geslaag.

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92.
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 1389.
*Ons spesialiseer in drag vir jong dames, veral*
**KERKDRAG**
★ *NOMOTTA-WOL in voorraad.*

# Varia

## PAAIE EN DRAAIE . . .

Eerste, tweede, derde . . . — A, B, C . . .

Daar word nie geleer tel of die alfabet geleer op die Puk nie, maar tog verskyn hierdie nommers en letter op feitlik elke hoek en paal in Puklandia. Die wat letterkunde loop, sal seker eers stilstaan om hulle te verkyk aan die assonansie in A-Laan en die alliterasie in Sesde-Straat.

Vir die gekysdes en verliefdes is die lewe hier op die Puk nie meer so romanties soos vroeër, vóór hierdie bordjies verskyn het nie. Eers was die hele campus een, groot „lovers' lane", maar nou het dit verander na 'n plek met straatname soos in enige Johannesburgse voorstad.

Die algemene spreekwyse het ook verander. Daar word nie meer gesê: ek ontmoet jou voor die Administrasiegebou nie, maar—ek kry jou op die hoek van C-Laan en Tweedestraat.

### DISTRIK 6

Daar word nou gewag vir die dag wanneer die geboue nommers sal kry. Bv. Heimat word Tweedestraat 4, en die Biblioteek C-Laan 7, ens., en wie weet, miskien Distrik 6.

**Vir die twee draaie weerskante van die diamant voor die Hoofgebou sal ook name voor gekry moet word. Waarskynlik sal die een voor die Hoofgebou die Groot Draai wees en die een by die Ooshek die Klein Draai.**

Daar word ook uitgesien na die dag wanneer die „Tunnel of Love" onderdeur of bo-oor die spoor voltooi sal wees om Dawie du Plessishuis met die dameskoshuise en die res van Puklandia te verbind!

Vir volledigheidshalwe sal 'n naam gevind moet word vir dié deel van die pad wat in die „Kettingdriehoek" val.

* * *

### REAKSIE

Ons oproep in die vorige Wapad tot alle Pukke om te sorg dat daar genoeg stof is vir ons Variakolomme het beslis nie op onvrugbare akkers geval nie. Sommer talle Pukke het in die afgelope aande en nagte gesneuwel.

En so met die groei van die maan het die aantal kyste ook gegroei. Sommige kyste het gegroei tot hoër dinge.

So het **Martha Badenhorst** in die stilligheid sito-sito verloof geraak aan **Basie van Heerden**, van Lydenburg.

● Ander persone wat ook toegetree het tot die orde van die Groot Diamand is: **Johan Coetsee** en **Kornie Koekemoer**, tans onderwyseres op Viljoenskroon, **Simon van der Bijl** en **Esther Wagenaar**, van Bloemfontein.

● 'n Woordjie van hartlike gelukwense aan julle almal. Mag dit steeds tot groter hoogtes groei!

● Ook aan **Vaatjie Weber** en **Ina** Slabbert, van Johannesburg, geluk met hul verlowing.

● Ou **Slurpie van der Walt** het hom by die res van sy sekretariaat geskaar en met sy slurpie vir **Blanje Combrinck** nadergekrap. En toe het die maan mos gebloos . . .

● Aan **Hannes Els** en **Louisa van** der Vyver ons hartlike gelukwense met 'n „sagte heengaan" op „die groot spore".

● En dan wil dit ons voorkom asof **Schalk Hoogenboezem** se liefdesprobleme nou opgelos is, nou dat **Ina van der Walt** haar aan hom verpand het. (Of is dit dalk die begin van die groter probleme?)

* * *

### GOLD RUSH

Dit het eintlik begin die dag toe een of ander ontevrede biel sy griewe by die Goewerment gaan lug het.

Die ou wat toe Eerste Minister was, het net lelik probeer paai, maar die man was net rooi-moeilik en dit oor 'n diamantkleim wat 'n ander kêrel voor sy neus weggegaps het. Soos hy almal ook laat verstaan het, die sooibrand het toe nog hoog in sy sluk pgejaag van frustasie.

„Okay, okay!" het die minister paaierig gesê, „pipe down," en hy het sy sekretaris nader geroep en hulle het eenkant staan en fluister. Dit was toe dat hulle besluit het dat voortaan „gerush" gaan word vir alle soorte kleims.

Daarom natuurlik die „diamondrush" in Kimberley en Lichtenburg se wêrelde destyds en ook vandaar die „gold-rush" hier in die Pukwêreld op Donderdag 3 Maart.

Die 3 deelnemers aan die „rush" was Willie Froneman, Nick van Rensburg en At van den Berg, en die drie kleims waarom die „rush" gegaan het, was Ria Lourens, Walda van Vuuren en Annatjie Oberholzer.

### KLEIMS

Tye waarop deelnemers by kleims aangekom het: Willie Froneman/Ria Lourens (7.45 nm.); Nick van Rensburg/Walda van Vuuren (7.25 nm.), en At van den Berg/Annatjie Oberholzer (7.30 (nm.).

● Ons wens Nick en Walda dus baie geluk met die „gold-rush" wat hulle met 'n kortkop van 5 minute gewen het.

**Dit is maar net die wenners. Baie het in hulle voetspore gevolg en ons spesiale verteenwoordiger berig dat dit daar by die delwerye net woelig gaan vanjaar.**

Wie weet, miskien ontdek een van die paartjies nog eendag 'n diamant daar in hulle kleim.

Die ander is:

● Joan Garvie en Roelf van Ryneveld.

● Ena Engelbrecht en Eddie van der Westhuizen.

● Emma Jooste en Jo Breytenbach.

● Frik van Deventer en Judi van Rooyen ('n Poot).

● Kobus Eloff en nog 'n Poot. Elsa Slabbert.

● Danie Joubert en Zuna Vosloo.

● Lou van Wyk en Ina Venter.

● Fido Barnard en Hermien le Roux.

● Liebrecht Aucamp en Susan Kruger.

● Erdie Baumbach en Ina Grabe.

● Nic du Plooy en Rina Myburgh.

● Henk Denkema en Riana Venter.

● En so het die kyste tred gehou met die groei van die maan.




# OUBOET WAAK OOR EERSTEJAARS

**DIE hoë druipsyfer wat jaarliks onder eerstejaarstudente voorkom, het die Universiteitsowerheid van die P.U. laat besluit om vanjaar 'n meer beskermende houding teenoor die nuwelinge in te neem.**

Daar is dus tot die daadwerklike stap oorgegaan om senior studente, of „ouboete", in die koshuise aan te stel om 'n wakende oog oor die eerstejaarmans te hou.

Die pligte van hierdie „ouboete" is om toe te sien dat eerstejaars op vasgestelde tye studeer en nie naweke sonder verlof weggaan nie, dat eerstejaars nie aan te veel buite-akademiese bedrywighede deelneem nie en dat senior studente eerstejaars alleen met verlof van die ouboete kan inspan, maar dat tweedejaars geen seggenskap oor hulle het nie. Ook moet diensvaardigheid by eerstejaarstudente aangemoedig word.

### GEEN OUSUS

By die dameskoshuise is nie 'n „ousus"-stelsel ingevoer nie, omdat die beheer oor dames veel strenger is as oor mans en die lede van die huiskomitee in die dameskoshuise moet toesien dat al bogenoemde pligte uitgevoer word.

Dusver blyk die ouboetstelsel geslaagd te wees. Dat almal egter nie eenders voel oor die saak nie, blyk daaruit dat 'n eerstejaarman beweer het dat hy nie met die stelsel saamstem nie omdat dit nie pligsbesef by die jong studente aankweek nie.

Die volgende senior studente is in hul onderskeie koshuise aangestel as „ouboete":

Heimat—Hans van Zyl, Ons Huis—Wynand van der Merwe, Uitspan—Idyll van der Walt, en Dawie du Plessishuis—Dirk Herbst en Frans Lessing.

## Dames Serenade

Thaba Jäh was vanjaar weer die eerste koshuis om te „serenade".

Verlede jaar het die hele okkasie letterlik en figuurlik natgereën en 'n hele paar dames het met rooi neuse en koue voete daarvan afgekom.

Vanjaar egter, was die weer ideaal, en die dames het hulle hart en siel in die „serenadery" ingewerp.

Vir die inwoners van die ander koshuise was dit 'n aangename gewaarwording om hier na middernag gewek te word deur sulke soetklinkende melodieë soos „Jeannie with the light brown hair", „Ay-yay-yay", „Du kanst nicht treu sein", „What'll I do" en „Juanita".

Dankie, Thaba Jäh!

# SOSIALE VERKEER OP DIE PUK

Die verhouding tussen dames en mans aan die P.U. het die afgelope tyd sterk onder bespreking gekom. 'n Vergadering van alle mans is spesiaal belé om die aangeleentheid te bespreek en ook van die kant van die dames het reaksie gekom.

„Laat ons die dames wys ons is nie bang nie en nog ouliker as wat hulle dink," het die voorsitter van die Studenteraad, mnr. H. J. D. van der Walt, gesê toe hy die mansvergadering toegespreek het.

Hy het gewys op 'n brief wat in die vorige uitgawe van Die Wapad verskyn het onder die opskrif: „Pukmans is oulik maar bang", en gesê dat elke Pukman homself moet afvra in hoeverre die stellings wat in die brief gemaak is op hom van toepassing is.

### KYS NIE

Mnr. Van der Walt het verder beklemtoon dat om gesellige verkeer tussen die twee geslagte te laat slaag, die leiding van die mans moet uitgaan, en ook dat indien daar tussen lede van die twee geslagte gesleep word, 'n kys nie noodwendig in die toekoms wag nie.

'n Beroep is op alle mans gedoen om saam te werk wanneer massa-aksies beplan word en om oor die algemeen as enkelinge te help om die gees van gesellige verkeer tussen mans en dames aan die Universiteit te bevorder.

**Praktiese voorbeelde wat mnr. Van der Walt aan die hand gedoen het, is dat die mans op byeenkomste in die studentesaal tussen die dames sal gaan sit en nie op 'n klomp bondel nie en dat die mans die dames meer moet groet en les bes, dat meer gesleep word.**

### WIL SAAMWERK

In 'n onderhoud met 'n verteenwoordiger van Die Wapad het mej. Maryn Fourie, hoofdame van die dameskoshuise, verklaar dat die dames oor die algemeen wil saamwerk om die gees tussen die mans en die dames te verbeter. Hulle is ook bereid om, as daar van die kant van die mans 'n massa-aksie kom, self later in 'n massa te reageer.

**Mej. Fourie het gesê dat die die oudames ook wil sleep ter wille van die gesellige verkeer. Dit is egter 'n interessante feit dat daar selfs hierdie tyd van die jaar meer senior dames as eerstejaars gesleep word.**

Oor die algemeen word daar egter minder gesleep as in die ooreenstemmende tyd verlede jaar.

### VERBETERING

Na die inter-ete wat onlangs gehou is, is daar 'n duidelik merkbare verbetering in die slepery, het mej. Fourie gesê. Die dames is deurgaans ten gunste daarvan dat inter-etes meer dikwels gehou word, aangesien dit 'n praktiese metode is om sosiale verkeer in die hand te werk en dit ook geen ekstra moeite vir die koshuisowerhede meebring nie.

● Die Redaksie het verskeie briewe oor die sosiale verkeer tussen mans en dames ontvang. Bostaande berig is egter 'n getroue weergawe van die menings wat in die briewe uitgespreek en dus is korrespondensie oor die saak afgesluit.

## Julietoere

*Twee studentegroepe, die van die Thalia Toneelvereniging en die Alabama-Studente-orkes sal weer vanjaar in die Julievakansie toere onderneem. Thalia bring 'n besoek aan Suidwes-Afrika met die beproefde toneelstuk, Kandidaat van Bommel.*

*Alabama is van plan om Transvaal te deurkruis. Al die lede van die toersgeselskappe is reeds gekies: 28 vir Alabama en 24 vir Thalia.*

# ASPEKTE VAN DIE LIEFDE

DR. W. J. VAN DER MERWE het op 9 Maart met die eerste vergadering van Korps 'n lesing oor enkele aspekte van die liefde gelewer. Hy het daarop gewys dat God die hoogste Subjek is van wie die liefde kan uitgaan.

In sy benadering van die wese van die liefde het dr. Van der Merwe drie vorme van liefde onderskei. Die eerste is die liefde wat van ewigheid af van God uitgaan. Die liefde van God tot die mens is Sy genade en goedertierenheid.

Van Christus gaan die liefde uit tot Sy gemeente en dan onderskei hy ook die liefde van die Christen —naaste- en vyandsliefde. Die laagste vorm van die „liefde" is geleë by die instink van die dier, maar instink wat niks gemeen het met die liefde nie, omdat dit nie kan uitstyg tot die goddelike nie.

### VERLOWING

Die verlowing is die huweliksluiting in beginsel en dit bring die verantwoordelikheid van volstrekte vleeslike en geestelike reinheid teenoor mekaar mee. Die verlowingstyd is nie geleentheid om vooruit te gryp na dit wat alleen in die huwelik tuishoort nie. Die eer van die vrou bou en verstewig die fondament van die volk.

Die liefde het 'n nabloei van die volmaaktheid wat God in die paradys aan die mens geopenbaar het.

Mnr. J. J. de Wet Kruger, voorsitter van Korps, het in sy openingsrede gewys op die wye spankrag van die Calvinisme. Die Calvinisme erken die volstrekte soewereiniteit van God en strek oor alle terreine van die lewe uit. In die Calvinisme is geen starheid nie, maar beweging en lewenskrag, het hy verklaar.

## VREUGDEDAG OP 7 MEI

Vreugdedag 1960! Hierdie dag—7 Mei— beloof om 'n heel besondere Vreugdedag te wees en omdat dit in 1960 plaasvind, sal die verrigtinge in die gees van die feestyd staan.

Mnr. Jan Ras, voorsitter van die Vreugdedagkomitee, het enkele besonderhede verstrek wat mens reeds laat vooruitsien na vanjaar se Vreugdedag.

Soos ander jare, sal die sierwaens weer daar wees. Vanjaar is die sentrale tema waarom dit gaan: Uniefees. Daar sal weer meegeding word om te kyk wie kan met die prys vir die mooiste sierwa wegstap.

**Dit is te verwagte dat die mededinging in die jaar van die herdenking van die vyftigjarige bestaan van Unie strawwer sal wees as in ander jare.**

### VEERTIEN SIERWAENS

Daar sal veertien sierwaens gebou word en soos die gebruik is, sal reeds op die Vrydag met die bou van die sierwaens begin word. Die Saterdag val Pukke vermom soos dinge—of mense—dan die publiek van Klerksdorp en Stilfontein aan, kollektebussie in die hand.

Vanjaar se Vreugdedag vind op Klerksdorp en Stilfontein plaas en by voorbaat word verwag dat eerstejaars en meerderjariges by hul honderde sy aan sy met die kollektebussies sal optrek.

Mnr. Ras en sy komitee het vanjaar besluit om 'n trapfiets as prys toe te ken aan die persoon wat 'n kollektelys neem en die meeste kollekteer. Met hierdie werk kan reeds gedurende die vakansie begin word.

### KARNIVALGEES

Dan sal die optog van sierwaens vanjaar deur 'n orkes voorafgegaan word, wat aan die geleentheid 'n regte karnivalgees sal verleen. Daar word ook nie minder nie as vier konserte deur die komitee gereël. Twee daarvan vind op Potchefstroom plaas.

Op Woensdag 4 Mei word 'n verskeidenheidskonsert in die Totiusgedenksaal aangebied. Die toegang is gratis. Die Saterdagaand sal die weermag se blaasorkes optree en by hierdie geleentheid sal 'n geringe toegang gevra word.

## Verkiesing van Bestuurslede

Verskeie tussenverkiesings is in die afgelope veertien dae aan die Puk gehou, spruitende uit die bedankings of vertrek van individuele lede. Die volgende is die uitslae van die tussenverkiesings:

KORPS V.V.
Addisionele lid: Gert Scholtz.

P.U. MUSIEKVERENIGING
Ondervoorsitter: Jan Scholtemeijer.
Penningmeester: Boet Duvenhage.

P.U. VOLKSPELELAER
Leier: Gustaaf du Toit.
Sekretaris: Wynand van der Merwe.

P.U.-TENNISKLUB
Kaptein: Frijhoff Albertyn.
Penningmeester: Dawie du Plessis.
S.S.B.-verteenwoordiger: Frijhoff Albertyn.

P.U.-KRIEKETKLUB
Kaptein: Andries van der Walt (derdejaar).
Penningmeester: Antonie Richards.
Sekretaris: Jan Ras.
Addisionele lid: Bennie Bierman.
S.S.B.-verteenwoordiger: Andries van der Walt.

P.U.-STOEIKLUB
Penningmeester: A. L. Coetzer.

P.U.-KORFBALKLUB
Onderkapteine: Blanje Combrinck.
Penningmeesteres: mej. M. Rautenbach.
Addisionele lede: mejj. R. van Helsdingen en I. Overholster.

WERDA-JUKSKEILAER
Penningmeester: P. J. W. S. van der Westhuizen.

ESTRARTE LETTERKUNDIGE VERENIGING
Voorsitter: Stoffel Cilliers.
Ondervoorsitter: Mike Prins.



*Johan van der Walt breek die lint en wen daarmee die myl tydens die Wes-Transvaalse atletiekkampioenskappe. Sy tyd was 4 min. 23.9 sek.*

# TARZAN VAL IN WATER OP TWEEDEJAARSPIEKNIEK

Tweedejaarspiekniek! Hierdie lekker ou Puktradisie is weer deur vanjaar se tweedejaars hooggehou met een van die genotvolste uitstappies in jare.

Op Saterdag, 5 Maart is die Boskopdam-terrein vroeg-vroeg deur 'n massa vrolike, singende, jolige Pukke bestorm en oorval, en perdevelle en paartjies was aan die orde van die dag.

Die organiseerders mas mejj. E. van der Walt, A. Bekker, A. Howell en mnre. F. van Deventer, J. Venter, P. van der Bank en L. van Wyk. Hulle het in samewerking met medestudente gesorg vir genoeg versterking vir die innerlike mens, en wors, stywepap, koffie, koeldrank en roomys is in groot hoeveelhede verskaf.

'n Goeie gees is dwarsdeur die dag gehandhaaf. Die Pukke het lekker saamgespeel, -gesels en geëet.

Die hoogtepunt van die dag was waarskynlik toe 'n paar brawe manne geprobeer het om „Tarzan" te speel deur met 'n tou oor die water te sweef en met klere en al in die water geplons het.

Ons weet nou net nie of hulle „shaain" of koue gevang het nie!

Die Pukke het moeg maar tevrede die aand tuisgekom—dit was lekker!

## Uniefees-Pukkie

**Vanjaar se Pukkie gaan 'n regte Uniefees-Pukkie wees, deel mnr. Piet Henning, die redakteur, mee. Die proewe is reeds ontvang en die eerste eksemplare van die blad sal binnekort te koop aangebied word.**

Die hele opset van die Pukkie van 1960 staan in verband met die Uniefeesjaar. Uniefees is dan ook die tema van die buiteblad.

Daar is reeds verlede jaar met die werksaamhede begin, sodat die redaksie Die Pukkie vanjaar vroeër sal uitgee. Mnr. Henning deel mee dat die eerste voltooide Pukkies volgens afspraak het die drukkers reeds op 7 April te koop aangebied sal word.

### GROOT VELDTOG

Van 7 April tot 12 April vier Potchefstroom Uniefees en by hierdie geleentheid sal Die Pukkie te koop aangebied word. Gradedag, wat vanjaar op 9 April is, val ook in hierdie tyd.

Die eintlike groot veldtog vind vanjaar op 7 Mei op Klerksdorp, met Vreugdedag plaas.

'n Oplaag van tienduisend Pukkies word gedruk en dit behoort baie goed van die hand gesit te word, ook aangesien daar vanjaar baie meer sketse as in die verlede gebruik word en kleur op feitlik elke blad gebruik word.

## Volkspelelaer se planne

**Die Volkspelelaer van die Universiteit met hul nuwe leier, Gustaaf du Toit, het die jaar geesdriftig begin. Twee geslaagde saamtrekke is reeds gehou en die name van veertien pare wat gekeur is om tydens die A.S.B.-kunsfees op te tree, is reeds aangekondig.**

Afgesien die Kunsfees wat gedurende die vakansie te Heidelberg plaasvind, sal die gekose pare ook tydens die Uniefeesviering in Bloemfontein optree.

Die volgende neefs is gekies: Kobus Yssel, Jakkals Reinecke, Louis Coetzee, Klaas Heystek, Johan Sauermann, Gregoire Aucamp, Piet Bingle, Wilkie Pretorius, Petrie Coetzee, H. B. van der Walt, Piet Yssel, Rolein de Wet, Jan Botha en Gustaaf du Toit.

Die niggies is: Karien Potgieter, Kattie Oosthuizen, Rina van Helsdingen, Olga Hoffman, Heinie de Wet, Hermine le Roux, Rina du Plessis, Johanna du Plessis, Annette Ferreira, Leonie Blanche, Soekie Cronje, Sannie van der Walt, Elize de Bruto en Luna van der Walt.

## DIE GROOT SWOT LÊ VOOR

*.....Die Studentehandboekeksamen vind vanjaar op 23 April plaas. Eerstejaars en andere wat nog nie kleure het nie, kan dus onthou om voor hulle huis toe gaan, die Studentehandboek by hul onder studieboeke in te pak. (Hulle gaan mos swot!) En onthou, die Studentehandboek is vanjaar splinternuut en dis die moeite werd om vir Pukkleure moeite te doen.*

## NUUSGREPIES

'n Ondersoek aan die Universiteit van St. Andrews in Skotland het aan die lig gebring dat slegs 'n derde van die studente ten gunste van gemengde koshuise vir dames en mans was.

Die meerderheid van die studente studeer tussen 20 en 40 uur per week, terwyl 'n kwart meer eerlik is en erken dat hulle slegs tussen 10 en 20 uur werk. Die ander 20 persent studeer óf minder as 10 uur óf meer as 40 uur.

* * *

### KOMITEE VIR SUIDWES

Amerikaanse Universiteite in die New York-gebied het 'n komitee vir Suidwes-Afrikaanse sake gestig. Die doel van die komitee is om beurse vir die wêreld se mees onderdrukte mense te verskaf.

* * *

### ONDERWYS IN GHANA

Sedert 1951 het Ghana reeds omtrent £17 miljoen bestee aan die daarstelling van 'n progressiewe moderne onderwysstelsel.

Meeras die helfte hiervan is gebruik vir die ontwikkeling van die Universiteitskollege en die Kumasi Instituut vir tegnologie.

Die aantal studente wat sekondêre onderwys ontvang, het in die tyd meer as verdriedubbel.

In 'n spesiale Bantoe-onderwysfonds wat 'n paar jaar gelede gestig is, betaal die Regering jaarliks £6½ miljoen. Die res van die fonds word gevul deur belastings wat deur die Bantoes betaal word. Die totale bedrag wat aan die res van die Onderwysstelsel per jaar bestee word, is £23 miljoen.

**? ? ?**

**GROOT GEHEIM**

**Wat gaan aan tussen Thaba Jäh en Heimat???**

DAMES!
*Wil u graag mooi lyk tydens die musiekfees?*
Kom na:
*Suzanne*
DAMES - HAARKAPPERSALON
(Tussen Landbank- en Volkskasgeboue)
Telefoon 2393 ........ Kerkstraat 86D

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"
BESOEK —
INGRAM SE DRANKWINKEL
Allerlei ● WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK
asook ● KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP
(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)
„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN"

# Diggers Murrayfield die Pukke

**DIGGERS, die kampioenspan en bobaasklub van Transvaal, het Saterdag daarin geslaag om die Puk se eerstespan (verlede jaar se ligawenners), wat slegs een verandering weens 'n besering moes aanbring, oortuigend te verslaan met 52 punte teen 8.**

Springfield het dan ook weer bewys dat fiksheid en stamina die basiese vereiste vir enige rugbyspan — hoe goed ookal — is en hieraan het al die Pukspanne mank gegaan. 'n Rugbyspan moet terdeë fiks wees voordat enige aandag aan taktiek gespandeer kan word.

Dat gebrek aan fiksheid die hoofoorsaak was van die Murrayfield-telling blyk duidelik daaruit dat diggers met rustyd slegs 11—5 voor was. Na halftyd het die Pukke jammerlik ineengestort en Diggers het punte aangeteken teen 'n tempo van een punt per minuut.

In die vaste spel het sake min of meer gelykop verloop. Hoewel Puk die bal taamlik gereeld uit die vaste skrums gekry het, het dit te stadig uitgekom met die gevolg dat Mannetjies Gericke en die drie kranige losvoorspelers van Diggers die bal bemeester het en die wêreld vir die Pukke warm gemaak het.



*Toy Dannhauser, die Pukke se kaptein, wat Saterdag vyf van sy span se agt punte aangeteken het.*

### SKITTER

In die lynstane het Herman Venter en Piet Botha 'n verbete stryd gevoer, maar aangesien die voorstes nie goed toegemaak het nie, het Diggers elke beweging in die kiem gesmoor. Venter het deurgaans skitterend vertoon in die vaste sowel as die losspel.

Net voor halftyd het die Pukke soos een man die teenstanders oor die doellyn gestoot en 'n drie is so in die bondel aangeteken wat op meesterlike wyse deur die kaptein, Toy Dannhauser, vervyf is.

### EENTONIGE REËLMAAT

Na rustyd het Gericke met sy lang aangeë vir Natie Rens in staat gestel om na willekeur op die veld rond te hardloop en telkens gate in die Pukke se verdediging te slaan.

Telkens het Diggers met twee, drie man oor deur die Puk-agterlyn gebars om dan punte aan te teken wat met 'n eentonige reëlmaat deur Rens vervyf is.

Die enigste punte wat Puk nog kon aanteken was 'n lang strafskop waarmee Dannhauser geslaag het.

In hierdie stadium van die wedstryd het Schalk Hoogenboezem in die laaste vesting baie verligting gebring met sy veilige lynskoppe onder druk. Op die verdediging het hy ook baie beteken.

# Sterk Manne Van Puk Toon Hul Krag

'n Baie geslaagde vertoning van amateur-stoei en judo is deur die P.U. se Stoei- en Judoklub op Vrydagaand, 9 Maart, in die Studentesaal gehou. Die doel van hierdie vertonings was om stoei en judo as sportsoorte te propageer en te demonstreer wat van die deelnemers verwag word.

Peet Krüger, kaptein van die stoeiklub, was die eerste aan die woord en het verduidelik hoe punte in stoei aangeteken word. Hierna het 'n paar vertonings plaasgevind waarin bekende stoeiers soos Koos van Niekerk, Kobus Yssel, Ettiene de Villiers en Peet Krüger opgetree het.

### JONG KLUB

Hoewel die Judoklub een van die jongste sportklubs op die Puk is, was dit 'n genot om te sien hoe Chris Maritz en sy manne, geklee in die tipiese Oosterse drag, mekaar byna katswink gooi en dan niks oorkom nie. 'n Hele aantal grepe en gooie is met die nodige toeligting aan die toeskouers getoon.

Op 'n baie luimige wyse is die waarde van selfverdediging vir dames gedemonstreer deur Annatjie Kuit en Annette Kruger wat hul „aanvallers" met die grootste gemak wild en wakker gegooi het. Die belangstelling aan die kant van die dames in judo is lewendig en 'n hele paar van hulle word gereeld by die oefeninge opgemerk.

# NAVY HOU DIE VAANDEL HOOG

**Navy se vertoning Saterdag teen Diggers was 'n aangename verrassing. Billy Duvenage het die beste taktiek gevolg om sy manne nie onnodig te vermoei teen 'n swaarder pak voorspelers nie, maar om hul op los balle en verdediging te laat toespits.**

Die verdediging van die hele span was deurgaans rotsvas en Diggers se aanvalle knaend.

Die drie losvoorspelers van Navy —Els, Gronum en Theron—het deurgaans die oog gevang met hul pragtige lakwerk en bevoordeling van los rollende balle.

Carl Grundlingh, Van der Schyff en Williams het goed vertoon in die agterlyn en in die lynstane het Dreyer en Viljoen die oud-Springbok, Steenkamp, heeltemal oorskadu.

Die enigste punte in hierdie wedstryd is aangeteken deur die vinnige vleuel, Werth, wat 'n pragtige aangeteken het na 'n mooi lopie van 25 treë. Williams het vervyf.

### FIRES

**Fires** het mooi afgesit maar moes die stryd gewonne gee nadat Richards vroeg in die wedstryd die veld moes verlaat en teen die einde was hul slegs 13 man sterk. Diggers het hul 25—0 die loef afgesteek.

**Tekkies** het na 'n swak begin, teen halftyd effens tot verhaal gekom en teenstand gebied. Nogtans het hul 28—5 verloor. Die punte is aangeteken deur Meyer en Froneman.

**Slippers** het 11—6 verloor.

# Water en Skuim

**Water en skuim gaan spat as die Puk en die Onderwyskollege mekaar tydens 'n swemgala in die Pukwaters gaan aandurf op Woensdagmiddag, 23 Maart.**

'n Aangename middag word beloof waartydens swem- en aflositems aangebied sal word asook 'n waterpolowedstryd tussen die twee klubs.

Die P.U. se swemklub het nog groot planne vir die jaar. 'n Swemgala in die aand in die Onderwyskollege se swembad word in die loop van die jaar in vooruitsig gestel.

Hierdeur behoort die Pukswemmers meer wedstrydoefening te kry wat onontbeerlik is indien hulle hul wil laat geld op interuniversitêre swemtoernooie.

### MAKLIK GEWEN

Verlede Woensdagmiddag het die swemklub die studente van die Departement Liggaamsopvoeding lelik die loef afgesteek deur hulle met 91 punte teen 25 te verslaan in 'n swemgala.

Hierdie byeenkoms het bewys gelewer dat hier wel talent onder die swemmers van die Puk is wat met die nodige oefening Puk se naam kan hooghou.

# Skeie Klap en Penne Kantel

Die Werda-jukskeilaer het die seisoen op hoë noot begin toe die volgende 8 spelers vir die Potchefstroomse wyksbond gekies is:

### MANS

F. Oosthuizen, K. Meintjies, J. van Vuuren, L. Aucamp en H. Breedt.

### DAMES

A. Steyn, H. Zaayman en M. Filmatter.

Dit is 'n groot prestasie indien in ag geneem word dat 8 van die 24 spelers wat vir die wyksbond gespeel het Pukke was.

Die laer beskik vanjaar oor 'n besonder sterk span. Verskeie eerstejaars hou veel belofte in. Veral Kobus Meintjies en J. van Vuuren is 'n groot aanwins vir die jukskeilaer. Ook by die dames is daar baie belangstellendes en behoort die laer vanjaar twee damespanne in die veld te stoot.

Hoewel jukskei gekortwiek word deur 'n kort seisoen, gaan die laer alles in sy vermoë doen om die spel finaal aan die Puk te vestig en wedstryde teen Normaal, Potch. Dorp, Uitspan, Proefplaas en Parys word in vooruitsig gestel vir die volgende kwartaal.

Gedruk deur Enslins, Potgieterstraat, Potchefstroom.



*Johan Liebenberg*

### AAN DIE BRAND, PUKKE!

*Pukmans, aan die brand! Om die eerste kwartaal mee af te sluit, is daar Woensdagaand 'n massasleep na die Oude Molen, waar die afskeidsfunksie vir prof. D. J. van Rooy plaasvind. Die geleentheid is goed; daar is dieselfde aand A.S.B. in die Totiussaal. Die dames is gaaf en volop. Hulle moet net gevra word. Kom ons „spark!"*

# LIEBENBERG SLAAN S.A. REKORD

VERSKEIE PUKKE wat die afgelope drie weke aan drie atletiekkampioenskappe — die Wes-Transvaalse en Universiteit se kampioenskappe en die seshoekige byeenkoms deelgeneem het — het vir uitmuntende vertonings gesorg.

Johan Liebenberg, 'n nuweling, het tydens die Wes-Transvaalse kampioenskappe vir een van die hoogtepunte van die byeenkoms gesorg toe hy 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord vir die onder 19-hoogspring daargestel het.

### OU REKORD

Liebenberg het op 'n hoogte van 6 voet 5½ duim oor die dwarslat geseil om Viv Cooper se tien jaaroue rekord met byna 'n duim te verbeter. Tydens Woensdag se seshoekige byeenkoms op die Parkovaal het hy 'n hoogte van 6 voet 1¼ duim behaal en tydens die kampioenskappe van die Universiteit 6 voet 3¼ duim.

Johan van der Walt het op die Wes-Transvaalse kampioenskappe sy beste tyd oor die myl daargestel toe hy die afstand afgelê het in 4 min. 23.9 sek. Tydens die seshoekige byeenkoms het Van der Walt die 880-treë gewen met 'n tyd van 1 min 58.3 sek.

### NUWELINGE

Nog 'n belowende nuweling is Len Ortlepp wat 'n tweedeplek in die spiesgooi op die Wes-Transvaalse kampioenskappe behaal het met 'n afstand van 185 voet 11 duim. Tydens die seshoekige byeenkoms het hy weer eens die spies verder as 185 voet geslinger en 'n tweedeplek verower.

Alta de Kock het op die Wes-Transvaalse Kampioenskappe 'n derde plek in die werpskyf verower en op die seshoekige byeenkoms 'n wenafstand van 113 voet 4 duim.

Met die kampioenskappe van die Universiteit het Thomas Lotz, nog 'n nuwe atleet, die drie myl gewen in die tyd van 16 min. 14.8 sek. en tydens die seshoekige byeenkoms het hy sy wentyd verbeter na 15 min. 59.2 sek.

# Swakste in Jare

Die belangstelling in onder 19-rugby is vanjaar die swakste in jare aan die Puk. By die eerste oefeninge was daar net genoeg spelers vir een span. Tog loop hier talle spelers rond wat op skool goeie spelers was en nou geen belangstelling in rugby toon nie.

Dis teleurstellend as mens dink dat die O/19's die voedaar van die seniorspanne is.

### MOOI VERTOON

Ten spyte van die gebrek aan belangstelling, het die O/19 A-spannetjie in 'n lewendige wedstryd vir Diggers 11—6 geklop. Spelers wat belofte inhou vir die toekoms is, Van der Schyff, Ackerman en Lessing.

Die O/19 B-span het 13—8 verloor.

● Die eerste span speel twee wedstryde gedurende die vakansie, nl. teen Welkom Rovers en Pietersburg.

Vir al die spanne lê daar nog baie swoeg en sweet voor.

# VAN DER WALT TWEEDE

Sewe Pukatlete het Wes-Transvaal Saterdag op die Wanderers in Johannesburg op die Uniefeesbyeenkoms verteenwoordig.

Die sewe atlete was: Alta de Kock, Johan van der Walt, Len Ortlepp, Danie van Vuuren, Johan Liebenberg, Christo Thuynsma en Kotie de Jager.



*Johan van der Walt.*

Van der Walt het tweede gekom in die myl na Cyril Bentall en die Springbok Praamsma geklop. Sy tyd was 4 min. 26 sek.

Liebenberg kon slegs 'n tweedeplek in die hoogspring behaal naas Klaus Schies.

Ander vertonings was: Van Vuuren (88 tree, vierde—1 min. 57.8 sek.), Alta de Kock (skyfwerp, vierde), De Jager (440 tree, vierde) en Ortlepp (spiesgooi, vierde).